Dinsdag **9 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 18:1-19 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Genesis 18:14, 19**

**Ons vertroue in die verbond van God**

Genesis 18 sluit in wese direk aan by die geskiedenis van hoofstuk 17 waar die HERE ’n verbond gesluit het met Abraham. Twee sake van hierdie verbond staan vir ons in besonder uit in hoofstuk 17: in vers 7 waar God belowe om sy verbond te handhaaf deur die geslagte heen, asook die aankondiging van Isak se geboorte. Die eerste gedeelte van hoofstuk 18 fokus dan verder op hierdie belofte van Isak se koms.

Ons kan onsself indink hoe Sara en Abraham gereageer het op hierdie belofte dat hulle weer op hulle ver gevorderde jare ’n seun sal hê? Sara het daaroor gelag – selfs in ons moderne tyd is so ’n swangerskap menslik gesproke ’n skrale moontlikheid.

Tog wys die HERE Abraham en Sara tereg, en juis in hierdie woorde van die HERE vind ons besondere troos: Is enigiets te wonderbaarlik vir die Here? Ons aandag word gefokus op die almag van God wat in hierdie woorde geopenbaar word. Die HERE sal ten spyte van menslike verwagtinge ’n bejaarde vrou laat swanger word, sodat die verbond deur haar swangerskap kan voortbestaan. Die HERE gaan nie terug op sy beloftes nie.

Hoekom is hierdie geskiedenis so belangrik? Want dit is deel van die geskiedenis van ons verlossing! Vanuit die nageslag van Isak kom daar Een wat die verbond van God volgemaak het en ons kindskap finaal bevestig het in die verbond van die HERE. Die troos van hierdie gedeelte is duidelik: die HERE het besluit om te verlos deur die koms van Jesus Christus. En hierin deel ons elkeen: die geskiedenis van Abraham en Sara is ons geskiedenis, aangesien ons deel het aan hierdie verbond wat die HERE met Abraham gesluit het, en ons mag nou in die kerk oor die wêreld heen sien hoe al die nasies van die aarde geseën is deur die koms van Christus.

*Sing: Psalm 128-1:3, 4*

*Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)*